

BESLUIT BEVRAAGTEKEN

Talle krap kop oor Absa geldmarkfonds sluit

Nellie Brand-Jonker

Die rede wat Absa aanvoer vir sy besluit om die Absa Money Market Fund (AMMF) te sluit, oortuig nie almal nie.

Dié effektetrust is die grootste en een van die bekendste geldmarkfondse in die land en ook een van die grootste effektetrusts in geheel met nagenoeg R85 miljard wat hy bestuur. Een finansiële adviseur het selfs geglo die nuus dat dit gesluit word, is dalk ’n gekkedaggrap.

Absa sê hy het besluit om die fonds te sluit omdat hy in ’n peiling vasgestel het gewone beleggers is baie verward oor die geldmarkfonds omdat hulle dink die kapitaal word gewaarborg, soos ’n deposito by ’n bank.

Die kapitaal in effektetrusts word egter nie gewaarborg nie en dit is moontlik dat ’n belegger minder kan uitkry of selfs alles wat hy belê het, kan verloor.


Francois van Wyk, hoof van PSG Wealth Winelands, dink nie dit het al gebeur dat so ’n groot geldmarkfonds van ’n bank in Suid-Afrika gesluit is nie.

Hy meen dis ’n baie vreemde stap. “Die verskoning is nie baie geloofwaardig nie. Dan kon hy mos ’n advertensieveldtog begin het om aan beleggers te verduidelik die kapitaal word nie gewaarborg nie.”

Die besluit het dalk met Absa se finansieringsmodel te doen, sê hy. Die verandering in kapitaalvereistes sedert die internasionale finansiële krisis van 2008 stel groter uitdagings aan banke ten opsigte van watter finansiering van beleggers as kapitaal kan kwalifiseer.

Ingevolge die Basel-kapitaalvereistes moet banke se finansiering en lenings meer in ooreenstemming met mekaar gebrin word. Dit beteken byvoorbeeld ’n langtermyn-huislening moet deur ’n langtermyn-deposito gefinansier word sodat die rentekoerse en termyne beter ooreenstem en daar nie ’n wanverhouding is nie.

Kredietkaart- en korttermynlenings word volgens hom tipies met geldmarkfondse gefinansier. Voertuig- en huislenings en maatskappylenings sal weer gefinansier word deur effekte of



Absa se geldmarkfonds is die grootste in die land – maar dit sluit op 6 Julie. Foto: GETTY

Hoe gaan dit werk?

Die AMMF word ingevolge art. 102 van die Wet op die Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas gesluit.

Die artikel bepaal dat alle geld in ’n geldmarkfonds aan die onderskeie beleggers uitbetaal moet word as dit gesluit word.

Daarom sal Absa as deel van die proses die geld in die AMMF aan elke individuele belegger uitbetaal voor of op die sluitingsdatum.

’n Kliënt het ook die keuse om in die 90 dae sedert die brief gestuur is (7 April) te besluit waarheen hul geld oorgedra moet word.

Absa sê in dié tyd kan ’n belegger:

- die geld direk onttrek na een van hul bankrekeninge;
- met ’n finansiële adviseur gesels om die geld na ’n ander finansiële produk by Absa te skuif; of
- die geld skuif na ’n Absa-beleggingsbankrekening. Absa beveel aan dat die geld na ’n Absa Investment Tracker Account (AIT) geskuif word.

Waar kliënte geen keuse uitoefen

nie, sal hul geld na ’n AIT-rekening oorgedra word wat rente verdien, sê Absa. Die AIT is ’n bankgewaarborgde produk. Absa sê die rentekoers daarop is vergelykbaar met die historiese vertoning van die fonds. “Daarom sal ’n kliënt nie benadeel word deur na dié rekening oor te skakel nie.”

Die skuif sal vir sommige mense belastinggevolge inhou. Mense word aangeraai om hul finansiële raadgewer of belastingpraktisyn te kontak om die somme te doen.

soos die AMMF op die Absa-platforms wees nie, sê Absa Fondsbestuurders in ’n brief aan kliënte.

AMMF-kliënte wat ’n effektetrust-belegging wil hê, sal in die APMMF kan belê en dié wat gedink het hul geld was in ’n bankproduk, sal hul geld in ’n Absa-beleggingsbankrekening kan deponeer.

Sylvester Kgatla, hoof van Absa Fondsbestuurders, sê dit was ’n belangrike, moeilike besluit.

Hy sê hul peiling oor die geld-

Inligting wyd uitgestuur

Alle kliënte is per e-pos verwittig van die AMMF wat sluit of ’n brief is aan hulle geos.

Indien jy nie ’n brief ontvang het nie, is jou e-posadres of posadres verkeerd.

Vanweë die belangrike aard van die oorgang is e-pos gestuur aan kliënte met e-posadresse, ongeag hul voorkeur-kommunikasieme-tode, sê Absa.

Kliënte met ’n posadres sal die brief in die pos kry.

’n Afskrif van die brief waarin kliënte verwittig word van die fonds wat sluit, sal ook aanlyn beskikbaar wees, op Absa se app of by die banktakke, lui ’n vraag-en-antwoordlys op die webwerf.

SA geldmarkfondse

Sunette Mulder, senior beleidsadviseur van die vereniging vir spaar en beleggings (Asisa), sê daar is 50 geldmark-effektetrusts in Suid-Afrika.

Van hulle is agt van die fondsbestuursmaatskappye wat deel is van bank-konglomerate.

Dit sluit een van Ashburton, drie van Nedgroup Investments en drie van Stanlib in.

Die tien grootstes

- Absa (R85 miljard);
- Stanlib Corporate Money Market Fund (R48 miljard);
- Nedgroup Investments Corporate Money Market Fund (R42,4 miljard);
- Stanlib Institutional Money Market Fund (R40 miljard);
- Ninety One Money Market Fund (R37,8 miljard);
- Ninety One Corporate Money Market Fund (R30,7 miljard);
- Allan Gray Money Market Fund (R26,2 miljard);
- Stanlib Money Market Fund (R24,3 miljard);
- Old Mutual Money Market Fund (R17,3 miljard); en
- Nedgroup Investments Money Market Fund (R17,1 miljard).

markfonds het gewys die meeste gewone kliënte benodig hoofsaaklik ’n bankrekening wat deur Absa gewaarborg is en wat ’n goeie rentekoers bied. Hiervolgens wil die meeste institusionele kliënte wel steeds toegang tot ’n geldmarkfonds hê.

Talle mense in die batebestuursomgewing, onder andere Magnus Heystek, direkteur van Brenthurst Wealth Management, bevraagteken die rede vir die besluit. Hy sê op Twitter: “Iets ruik nie lekker hier nie.”

AB @Concerned_CT het in reaksie daarop probeer lig werp op die nuus en sê dit hou met “pa-staan-risiko (*step-in risk*)” verband. “Hulle het ’n peiling onder kliënte gedoen en baie weet nie dis nie ’n bankrekening nie. Dieselfde persepsie het daartoe gelei dat hulle gedwing is om met African Bank se wanbetaling in 2014 pa te staan vir die verlies wat gely is.

“Daar is ’n voortgesette koste

daaraan verbonde omdat van banke vereis word om kapitaal eenkant te hou vir dié risiko en die interne koste van kapitaal maak dit onwingsgewend.”

Piet Viljoen, batebestuurder en uitvoerende hoof van RECM, sê op Twitter Absa betaal rente van 3% op korttermyn-deposito’s. “Hoekom sal hy jou die moontlikheid gee om 4% te verdien, wat sy koste van finansiering verhoog? Dit het ’n negatiewe impak op die marges.”

Sunette Mulder, senior beleidsadviseur van die vereniging vir spaar en beleggings (Asisa), sê die sluit van effektetrustfondse is nie ongewoon nie. Baie amalgameer ook. Sy sê daar was nie ’n verandering in regulasies nie. “Dit was ’n sakebesluit en net Absa kan sê hoekom hy die besluit geneem het.”

Mulder sê ’n effektetrust wat sluit, gaan deur ’n proses by die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor (FSCA).